

Saterdag 21 Mei

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-13; HK Sondag 12, Antwoord 32

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:4

Die Christen as koning: stryd teen die sonde

As Christenkonings is ons tot stryd geroep. Hierdie stryd moet van verskillende kante beskou word om te weet wat dit behels. Eerstens moet ons besef dat dit 'n stryd is vir die eer van God, vir die uitbreiding van sy koninkryk en om self die ewige saligheid te verkry. Daarom moet ons daarteen waak om nie onder die skyn van 'n stryd vir die eer van God ons persoonlike en aardse belange te bevorder nie. Tweedens is dit volgens ons belydenis 'n stryd teen die sonde en die duiwel, omdat die duiwel met die mag van die sonde in sy hande die groot teëstander van Christus, sy kerk en sy kinders is. Derdens moet hierdie stryd op al die terreine van die lewe gestry word: in ons persoonlike lewe binne-in onself; in die kerk by ons medegelowgies (Eseg. 3:18-21); op die breë terrein van die maatskaplike lewe moet ons stry *teen* die sonde en *vir* die erkenning van die koningskap van Christus. Op die vraag *hoe* daar gestry moet word, moet ons allereers sê dat dit moet geskied op 'n wyse wat Christus en die Christen waardig is. Ook hier geld die woorde van Paulus dat ons lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees (Fil. 1:27). Die aard en karakter van hierdie stryd teen die sonde en die duiwel word egter vir ons duidelik as die skrywer van die brief aan die Hebreërs (12:4) sê: “*Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe en dood geword het nie.*”

Ons stryd teen die sonde en die duiwel moet dus 'n harde stryd wees, 'n stryd met die inspanning van al ons kragte, 'n stryd om lewe en dood. Nou is die vraag: Is dit hoe dit gesteld is met ons stryd teen die sonde en die duiwel? Is dit 'n stryd wat met vasberadenheid teen die grootste en allergevaarlikste vyand gestry word? Of is ons baie verdraagsamer teenoor hierdie vyand? Dan stry ons so 'n bietjie, maar gee die stryd so gou gewonne en gaan weer voort met die sleurgang van die lewe. Dit voorneme is daar, maar die inspanning ontbreek. So mag 'n Christen nie stry nie.

Kan ons dan in hierdie stryd die oorwinning behaal? Ja, ons kan, maar nie uit eie krag nie en ook nooit ten volle nie, omdat die neiging tot sonde by ons sal bly so lank as ons lewe. Daar is net Een wat die sonde so kon oorwin dat dit vir Hom geen bedreiging meer is nie, en dit is Jesus Christus. Hy het dit vir ons gedoen. Dit is heerlik om te weet dat die stryd wat ons nou stry, reeds deur Hom oorwin is. Juis daarom moet ons uit dankbaarheid ten bloede toe stry om nie weer deur die sonde oorweldig te word nie.